



eduresourceza.com



REDDAM
House
Bedfordview

GRAAD 12 HALFJAAREKSAMEN
30 MEI 2023

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL 2

NAAM

KLAS

ONDERWYSER:
TIK BLOKKIE (✓)

Mev Crozier

☐☐

Tyd: 2 uur

70 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR.

1. Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye en VIER VRAE.
 2. Beantwoord al die vrae.
 3. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.
 4. ALLE vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word.
 5. Moenie aanhaal nie, tensy jy gevra word om dit te doen.
 6. Skryf netjies en leesbaar.
-

Eksaminator: Mev. M. Bothma

Moderator: Mev. A Crozier



REDDAM
House
Bedfordview

GRAAD 12 SIKLUSTOETS
30 MEI 2023

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL 2

NAAM

KLAS

ONDERWYSER:

TIK BLOKKIE (✓)

Mev Crozier

☐☐

Tyd: 2 uur

70 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR.

1. Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en VIER VRAE.
2. Beantwoord al die vrae.
3. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.
4. ALLE vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word.
5. Moenie aanhaal nie, tensy jy gevra word om dit te doen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Eksaminator: Mev. M. Bothma

Moderator: Mev. A Crozier

Beantwoord al vier die vrae oor **Donkerweb** deur Fanie Viljoen.

VRAAG 1 KONTEKSTUEEL

Lees die onderstaande uittreksels en beantwoord dan die vrae

Sy pa staan op uit die stoel, skielik haastig, asof hy nou eers besef wat aangaan. Sy hand bewe toe hy aan sy seun raak. Maak gou!"

[Bladsy 8]

Het jy die vid op my SFTP server gelaai?

'n Anonieme SFTP server, hoor ek weer hoe Xander verduidelik, is die plek waar hackers soms hulle programme bêre.

Die video van Tom?

Nee. 'n Ander vid.

Ek het net die video op jou blog gesit. Jy't dit gesien?

Ja. Maar daar is nog 'n vid. Op my SFTP server.

Ek weet nie waarvan jy praat nie.

Die tyd vir speletjies is verby, Greg. As dit jy was, sal jy sleg tweede kom. Weer.

Watse vid is dit?

Oomblikke later kom die video. My kop is nou al so helder van Dain se Ritalin, dat die beeld byna in my retinas vasbrand.

[bladsy 109]

- 1.1 Hoe oud was Xander toe die insident wat in die video gesien kan word, afgespeel het? (1)

.....

- 1.2 Vertel wat in die video gesien kan word. (3)

.....

.....

.....

Weet jy waar ek bly? Tik ek.

Ja.

Cool.

Maar ek kom nie na jou toe nie.

???

Jy kom na my toe.

Waar's jy?

Weer wag ek vir 'n antwoord. Dan . . .

Ek gaan vir jou twee pakkies stuur.

Net dit. Geen verdere verduideliking nie. Toe ek weer sien, verdwyn ons hele gesprek van Telegram af. Die video ook.

Dinge gaan nou gebeur.

[Bladsy 114]

1.3 Watter besluit van Xander het tot hierdie gesprek gelei? (1)

.....

1.4 Wat was in die twee pakkies wat Xander vir Greg gestuur het? (2)

.....

.....

1.5 Wat moes Greg met die inhoud van die tweede pakkie doen en waarom? (2)

.....

Vir 'n oomblik is dit asof my binneste soos 'n rekenaarskerm vries. Ek staar na die bekende gesig in die water: . . .

[Bladsy 135]

Dan sien ek iets is fout. Die kyk in sy oë. 'n Besef.

Hy vat weer die selfoon, draai my hand om. Vee die selfoon oor die plek tussen my duim en voorvinger.

Ek ys. Nou weet ek wat fout is.

[Bladsy 136]

1.6 Wie se gesig se weerkaatsing sien Greg in die water? (1)

.....

1.7 Wat doen die persoon toe Greg hom herken wat vir Greg laat skrik? (1)

.....

1.8 Wat soek die persoon tussen Greg se duim en voorvinger? (1)

.....

1.9 Waarom is dit wat hy soek nie daar nie? (1)

.....

1.10 Waarom, dink jy, stap die persoon weg? Noem TWEE redes. (1)

.....

.....

[15]

VRAAG 2

Ruimte

2.1 In watter dorp/stad het Greg gaan woon nadat hy Lawson College verlaat het? (1)

.....

2.2 Hoe/waar het hy sy matriek voltooi? (1)

.....

2.3 Die atmosfeer in sy ouerhuis was baie somber. Gee TWEE redes hiervoor. (2)

.....

.....

2.4 Wat gaan veroorsaak dat die atmosfeer vir Greg se ma nog somberder gaan raak?(1)

.....

2.5 Greg verlaat die huis om 'n **nuwe fase** in sy lewe te begin.

Dis 'n hoofstuk in my lewe wat ek afsluit. Op 'n manier maak dit my weer hartseer, daarom draai ek die musiek harder en los 'n kreet wat by die oop ruit uitgalm, soos John toe hy die rekswaai in Durban gedoen het.

Gebruik die riglyne hieronder en skryf dan 'n **paragraaf** van **80 – 100 woorde** waarin jy meer oor hierdie nuwe fase en die ruimte waarin dit afspeel, vertel.

Dit sal in jou guns tel as jy jou antwoorde in dieselfde volgorde as die kolpunte gee.

- Waarheen gaan Greg? (2)
- Verduidelik hoe Greg se gekose studierigting direk kontrasteer met dít wat sy pa vir hom beplan het. (2)
Waarom, dink jy, wou Greg se pa sy studierigting vir hom wou gekies het? (1)
- Greg woon nie in die koshuis nie maar in 'n woonstel. Beide Greg en Plank voel dat die woonstel ideaal is. Hulle idees verskil egter hemelsbreed. Verduidelik waarom ons so kan sê. (2)
- Noem DRIE goed waaruit ons kan aflei dat Greg se nuwe woonstel luuks is. In vergelyking met 'n koshuiskamer. (3)

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

[15]

VRAAG 3 DIALOOG

Greg gesels met Dirk oor alles wat met hom (Greg) in sy matriekjaar gebeur het. Voltooi die dialoog deur Greg se antwoorde in die oop spasies in te vul.

*Rub a dub dub,
Three men in a tub;
And who do you think they be?
The butcher, the baker,
The candlestick-maker;
Turn 'em out, knaves all three*

- 3.1 Dirk: Jy is op soek na die Baker, maar wie was die Butcher en die Candlestick-maker wat ook by *Project Nursery Rhyme* betrokke was en waar is hulle nou? (2)

Greg:

.....

- 3.2 Dirk: Hierdie twee mense het toe voor die hof verskyn. Aan watter TWEE is misdrywe is hulle skuldig bevind? (2)

Greg:

- 3.3 Dirk: Waar het jy en Eckart Wilken mekaar ontmoet en hoe het dit gebeur dat julle sulke goeie vriende geword het? (2)

Greg:

.....

3.4 Dirk: Verduidelik waarom jy voel dat Eckardt nie 'n ware vriend was nie, maar jou net vir sy eie gewin gebruik het. (2)

Greg:

.....

3.5 Dirk: Waarvoor word jy deur sommige mense geblameer? (1)

Greg:

3.6 Dirk: Jy sê voel ook skuldig daaroor. Wat het jy dan gedoen wat jou so laat voel? (2)

Greg:

.....

3.7 Dirk: Wie is John en wat het sy dood veroorsaak? (2)

Greg:

3.8 Waarom het jy jou pa indirek daarvoor verantwoordelik gehou? (1)

Greg:

3.9 Dirk: Hoe kry jy en jou ma dit reg om finansieel te oorleef? (1)

Greg:

[15]

VRAAG 4 LITERÊRE OPSTEL

- *Jou opstel moet 'n gepaste **inleiding** en **samevatting** hê, maar geen sub-opskrifte nie.*
- *Gebruik die ideekaart hieronder en skryf 'n opstel van **250 – 350 woorde** oor **Greg se besluit en daaropvolgende soektog na die Baker**. Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word.*
- *Gee 'n **akkurate woordtelling** aan die einde van die opstel, bv. 293 woorde.*
- *Dis sal in jou guns tel as jy die antwoorde in die orde waarin dit gevra is, gee.*

Die besluit

- Twee vreemdelinge het hom gevra of hy die Baker gaan probeer vang. Wie was hierdie TWEE vreemdelinge? (2)
 - Waarom glo Greg dat daar 'n moontlikheid is dat sy pa dalk gou uit die tronk sal kan kom en hoe ontnugter (*disillusion*) Plank hom? (2)
 - Hoekom is Greg nou vasbeslote om die Baker op te spoor? (1)
- [5]

Die aanvanklike soektog

- Wie is die eerste persoon wat deur Greg verdink word? (1)
 - Noem TWEE goed wat hy doen om meer oor bg. persoon uit te vind. (2)
 - Greg kry onverwags 'n pakkie by sy woonstel. Daar is TWEE goed daarin. Wat hom dalk sal help om die Baker op te spoor. Noem die twee goed. (2)
- [5]

Greg soek hulp

- Greg besluit om Xander te kontak om hulp te kry in sy soektog na die Baker. Hoe doen hy dit? (1)
 - Xander stuur iemand om vir Greg te sê dat hy hom nie wil help nie. Wie stuur hy en hoe ken Greg hierdie persoon? (2)
 - Wat gebeur later met hierdie persoon? (1)
- [4]

Greg raak bekommerd

- Greg se ma vertel hom dat iemand haar in 'n winkelsentrum agtervolg het. Watter bewys kry Greg dat dit nie haar verbeelding was nie? (1)
 - Watter dreigement ontvang Greg toe hy ná 'n boodskap op sy selfoon na die inligtingsentrum in Markstraat gaan? (2)
 - By wie gaan soek hy hulp? (1)
 - Hoe sal hy Greg probeer help? (1)
 - Die persoon vergelyk Greg se situasie met 'n Gordiaanse knoop. Wat het hierdie knoop en Greg se situasie in gemeen? (1)
- [6]

Assessering: 5 punte word toegeken vir 'n goedgestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen.

eduresourceza.com